

15 Julie

**Skrifgedeelte: Job 30-31
Fokusgedeelte: Job 30:16-31; 31:35-40**

Is daar dan niemand wat na my luister nie!

Ná sy stilsweye van sewe dae en sewe nagte het Job begin praat (30:1). Hy het met homself gepraat. Oor drie rondes het hy met sy drie “vriende” gepraat. Bowenal het Hy met die swyende God gepraat – eintlik geworstel, gesoek, gevra na die lewende God wat die hele tyd die “verborge Aanwesige” is. Die vriende het geluister ... maar nie regtig geluister nie. Hulle het maar bly voortpraat oor 'n God wat hulle met hulle kleinmenslike, oorgeërfde “teologie” wou verstaan – selfs al dink hulle ook Hy is op 'n manier onbegryplik.

“Boontjie kry sy loontjie!” “Waar 'n rokie is, moet 'n vuurtjie wees!” Só werk God se regverdigheid nou eenmaal – volgens hulle.

Job het egter deurentyd sy onskuld voorop gehou. Hy blý met God praat. Vir die soveelste keer kla hy dit uit: “Ek roep na U om hulp maar U antwoord my nie. Hier staan ek, maar U steur U nie aan my nie” (30:20) – ja, dis die héél swaarste! God roep ons dringend om Hom te soek. Hy gee baie beloftes van verhooring. “Maar ás ons kom om Hom te soek? Hy verwyder Hom van ons. Hy hou, soos dit skyn, die ore vir ons doof. Dit is 'n versoeking om ons te laat ineenstort!” (Calvyn.)

Ná talle onskuldbetuigings kan Job nou maar net ophou praat – hy herhaal tog maar steeds net dieselfde klagtes. “My saak het ek gestel: nou moet die Almagtige my antwoord” (31:35).

Sal God antwoord – en hoe?

“Dit is die einde van Job se woorde” (31:40). Miskien is dit waarop God wag: Dat mensegedagte en –woorde vasloop. Dan bring Hy sy Genadewoord.

Sing: Psalm 86:1

Dr PP Kruger (Meyerspark)